

Die misleier en antichris verdien nie gasvryheid nie

Teks: 2 Johannes 1: 1 - 13

Teksvers: 2 Johannes 1: 10

1. Inleiding

Vandag leef ons in 'n meestal Ateïstiese samelewing. 'n Bewys daarvan is die toestand van die algemene Christelike kerk vandag. Geloof, veral die Christelike geloof lyk of dit maar 'n klein rol speel in die moderne mens se lewe. Hierdie situasie skep weer 'n ander situasie. Ons as gelowiges land maklik in gespreke waar die Here nie geëer word nie. Maar dalk nog meer subtiel as dit, ons word maklik ingetrek in 'n saak of idee, wat nie Christus as die enigste Verlosser eer of ken nie.

Die vraag is hoe maak ons as gelowiges wanneer dit gebeur? Vandag val ons fokus op die tweede brief van die Apostel Johannes wat vir ons opgeteken is, in die Woord van die Here. En hierdie brief skryf Johannes op 'n hoë ouderdom uit die stad Efese. Dit is dan ook hier waar die lankslewende Apostel die laaste paar jare van sy lewe deurgebring het. Dus weet ons dat hierdie brief die laaste opdragte aan die Nuwe Testamentiese kerk bevat.

Interessant genoeg is dit nie nuwe opdragte nie, volgens vers 5 en 6,

maar juis die ou opdragte waaraan gehoorsaam gebly moet word. Die manier waarin die apostel Johannes hierdie lering vandag vir ons verpak, is ook nie onbekend nie. In ons teksverwys word die saak van gasvryheid aangeraak. Maar dan eerder spesifiek die opdrag teen gasvryheid in. Hoe lyn dit bv. uiteindelik op met die opdrag uit Hebreeus 13:2. “²Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.”

2. Hy wat die ander leer bring

Die kwalifisering lê in die spesifieke persone, waarvan gasvryheid onttrek moet word. Wanneer 'n na die verklarings rondom artikel 3 van ons kerkorde kyk, kry jy te make met die gebruik van lopers. Lopers was mense wat in die 16de eeu rond beweeg het en die Woord verkondig het aan groepe mense waar hulle gekom het. En alhoewel dit op die oor af goed en reg klink, was die probleem dat hierdie mense nie bevestigde bedienaars van die Woord onder toesig van 'n spesifieke kerkraad was nie. Hulle het dus dikwels die woord net vir eie gewin verkondig, en daarom was dit ook 'n teelaarde vir dwaalleer.

Dit is dan presies sulke rondgaande predikers wat dwaalleer verkondig wat die opdrag in ons teksvers noodsaak. Maar meer as dwaalleer in die algemeen, beskryf Johannes presies watter dwaalleer verkondig word. Die leer en belydenisse rondom Christus is dit wat in die gedrang kom by hierdie predikers. Met ander woord die Verlossing in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus wat mens geword het op aarde. Wanneer die bruidegom, ons Here Jesus Christus vervang word met iemand anders, dan is die bruid, ons as kerk mos eintlik besig om egbreuk te pleeg.

Natuurlik gebeur dit nie so openlik vandag in ons kerke nie. Ons het immers die beskerming van Kerkorde artikel 3 hiervoor. Maar soos wat mense minder by kerk betrokke raak, en meer by ander organisasies en bewegings in die samelewing, raak die gevare groter. Ander organisasie en veral sosiale media staan nie onder die toesig van die kerk nie. En moderne “lopers” gebruik graag hierdie platforms om hulle ideologieë te bevorder. Daarom is die skerp optrede in ons teksvers nodig. Soms moet selfs die stof van ongelowige plekke en mense van ons voete af geskud word, soos Jesus aan die apostels beveel in Matteus 10 en Lukas 9 & 10.

3. Geen toegang

Die volgende saak verg bietjie meer verduideliking. In die eerste eeu na

Christus, was die Christelike kerk heelwat anders georganiseer as wat ons vandag gewoond is. Omdat die Christen geloof, meestal nog onder vervolging in die wêreld was, kon hulle nie openlik vergader nie. Verder kon hulle meestal nie eiendom bekom en 'n kerkgebou oprig nie, omdat hulle meestal uit arm mense bestaan het. Hierby het hulle ook min burgerlike regte gehad, omdat hulle meestal uitlanders was. Dit is juis ook hierdie rede waarom hulle eerder by medegelowiges tuisgegaan het as om in herberge te bly. Want die regte van die huiseienaar het ook gegeld vir die mense onder sy dak.

Dit is al hierdie sake wat verklaarders laat debatteer dat die ontvangs wat geweier word, dalk net van toepassing was op amptelike byeenkomste van die huiskerk. Maar daar is tog iets meer hieraan. Weereens kan ons dit ook terugtrek na ander samekomste of organisasies toe. Wanneer enige bestuur of beheerliggaam vermoed dat iemand vyandig of kwaadwillig teen die beweging wil optree, sal toegang geweier word. Met ander woorde die beskerming en die geleentheid van die samekomste en hulle fasiliteite sal van hom ontnem word, ten einde die eer van die beweging te beskerm.

Selfs in ons huidige kriminele regstelsel is dit onwettig om huisvesting en versorg aan 'n misdadiger te verskaf. Want dit is 'n manier waarop 'n mens jou hulpbronne beskikbaar stel vir die

uitvoering van misdaad. Maar hoe sien ons vandag mense wat openlik uitgesproke teenoor die heerskappy van Christus leef. Mense wat duidelik en ondubbelsinnig 'n Ateïstiese geloof bely. Is geloof in ons lewens al so geringe saak dat ek maar goedsmoeds my hulpbronne laat aanwend te ondersteuning van sake wat Christus probeer verwyder as die Koning van alle konings.

Miskien het dit weer tyd geword om weer stil te word voor 1 Korinthiers 15:33: “³³Moet julle nie langer laat mislei nie: “Slegte geselskap bederf goeie sedes”.

4. Geen beleefdheid nie.

Gasvryheid word in die Woord gereeld beskryf as 'n eienskap waaroor gelowiges moet beskik. Die bekendste verwysing is sekerlik Hebreërs 13:2 soos wat ons in die inleiding aangehaal het. “²Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves. Maar nou in ons teksvers kry ons die opdrag om die verkondigers van dwaalleer selfs nie eers te groet nie.

Ons kan hierdie benadering verduidelik in die beeld van die huwelik. Wanneer 'n eerbare vrou agterkom dat vriendelikheid teenoor 'n spesifieke man gaan lei tot egbreuk, sal sy nie verder vriendelik wees nie. Ons noem dit dat daar geen aanleiding gegee word nie. Dikwels moet daar tot

ekstreme onvriendelike optree oorgegaan word om die eer van die huwelik te beskerm. In die geloofswêreld werk dit dieselfde. Vriendelikheid en gasvryheid vermors in die eerste plek hulpbronne op dwaalleer en Godslasterlike sake. Maar selfs erger as dit, dit gee 'n platvorm of konneksie met nog meer ander mede gelowiges.

Hierdie punt is juis in vandag se samelewing wat hom roem op verdraagsaamheid uiters kontroversieel. Dit is vandag moeilik om te glo dat ateïste of aanhangers van ander vals gelowe vroeër uitgeworpenes in die samelewing was. Maar vriendelikheid teenoor mense wat skaamteloos links en regs sondig, skep 'n omgewing waar sonde gevier word. En die bose laat nie hierdie geleentheid verby gaan nie. Die bewerker van die bose verdien nie ons beleefdheid nie. Nee, hy het eerder ons voorbidding en teregwysing nodig.

Per slot van sake stel Spreuke 13:20 dit duidelik vir ons: “²⁰Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid; wie hom met dwase ophou, word self sleg.

5. Slot

Ons kan vandag se preek afsluit met 'n praktiese kyk na die opdrag in ons teksvers. Die vraag wat vinnig opkom is: “Moet ons nou sektaries eenkant 'n kloosterlewe beoefen”? Want wanneer ons net veilig in geloofskringe vergader, kan ons sekerlik nie die sout vir die

aarde wees nie. En juis daarin lê ons antwoord. Die Here het ons in 'n wêreld, dorp en gemeenskap geplaas met 'n rede. Maar wat die teks vir ons sê word eintlik so goed verwoord in Jesus se woorde wanneer Hy ook die apostels uitstuur: “¹⁶“Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe.”

So met ander woorde ons mag vriendskappe, of eerder ons moet vriendskappe met ongelowiges aanknoop. Maar dit moet altyd vriendskappe met 'n agenda wees. Vriendskappe waarin ons versigtig is soos slange. Versigtig dat ons nie deur een of ander dwaalleer saamgesleep word nie. Maar dan ook vriendskappe waar ons opreg soos duiwe is. Waar ons werklik genoeg omgee vir ander persone om ook die brood van die lewe, ons Here Jesus Christus se offer aan die kruis met hulle te deel.

'n Manier om hierdie dinge werklik praktyk in ons lewens te maak is om oor geloof te gesels. Met mede gelowiges, maar veral ook met ongelowiges. Die grootste mylpaal wat die wêreld teen geloof behaal het was om dit 'n taboe onderwerp om oor te praat te maak. Ons moet nie hierin verval nie. Want dan is ons nie meer die sout van die aarde. Dan laat ons die groot verleier eenvoudig toe om soveel as moontlik mense te verlei met sy leuen. Nee ons moet agente vir die waarheid wees en bly, tydig en ontydig

moet ons die leuen weerlê en die liefde van Christus aan die wêreld bedien. Ons moet altyd die Here se eer teenoor die bewerker van die bose verdedig.

Amen